

16 September

Skrifgedeelte: Psalm 136
Fokusgedeelte: Psalm 136:1-3

Loof die Here aan wie se liefde daar geen einde is nie

In hierdie Psalm word die Here geloof vir sy magtige skeppingsdade en vir die verlossing van sy volk en by elke vers word die rede bygevoeg: "Aan sy liefde is daar geen einde nie."

Hy is die Here en moet geloof word omdat Hy goed is. Hy is ook die oppermagtige God en die magtigste van alle maghebbers. Sy goedheid en sy almag en heerskappy is duidelik te sien in die skepping en in die geskiedenis van sy volk.

Hy het alles gemaak: Die hemel en die aarde en die son en die maan en die sterre. Uit dit alles blyk dit: "Aan sy liefde is daar geen einde nie."

Hy het ook sy volk op 'n wonderbaarlike manier uit Egipte gered, hulle droogvoets deur die Rietsee gelei en die farao en sy leërmag in die see gestort. Uit dit alles blyk dit: "Aan sy liefde is daar geen einde nie."

Hy het boonop aan sy volk gedink in hulle vernedering en magtige konings oorwin en hulle land aan sy volk gegee. Uit dit alles blyk dit: "Aan sy liefde is daar geen einde nie."

Hy het ons op 'n wonderbaarlike manier deur Jesus Christus verlos. Hy het die maghebber van hierdie wêreld, Satan, verslaan toe Hy vir ons sondes gesterf het en toe Hy uit die dood opgestaan het. Hy het aan ons gedink in ons vernedering en die ewige lewe aan ons geskenk! Uit dit alles blyk dit: "Aan sy liefde is daar geen einde nie." Daarom behoort ons dankbaarheid ook geen perke te ken nie!

Sing: Psalm 136:1-3

Ds HPM van Rhyn (Wilropark)